BYDRAE TOT KERKHERENIGINGSDOKUMENT-GESPREK

Die gemeentelike gesprek n.a.v. die dokument "Konsultasie oor Kerkhereniging" wat plaasgevind het op Sondag 28 Oktober 2007 na afloop van die oggenddiens, en wat deur slegs 'n handjievol lidmate bygewoon is, het ek uiters frustrerend en bra negatief ervaar.

Die gespreksdokument stel dit pertinent dat die gesprek gevoer moet word oor die "hoe" van Kerkhereniging en nie oor die "of" nie, aangesien vorige Sinodes oor laasgenoemde reeds standpunt ingeneem het. Voorts vra die dokument dat deelnemers aan die gesprek, standpunte sal stel oor die vier konkrete voorstelle (konfessionele basis, die model, gesamentlike projekte, versoening) wat ter tafel gelê word (punt 4, bl.20).

Ten spyte van verskeie pogings van die gespreksleier (dr. Jaco Putter) om hierdie voorstelle aan die orde te stel, het deelnemers konsekwent vrae en kommentare oor die "waarom" van Kerkhereniging gestel. Hierdie vraag is immers deur Sinodes in die 90's reeds uitgeklaar.

Bogemelde vrae en kommentare het oor die algemeen te make met vermeende bedreigings wat Kerkhereniging inhou vir/ten opsigte van sake soos:

- ons taal;
- swart oorheersing in 'n verenigde sinode;
- hofgedinge oor geboue en eiendomme;
- predikante se pensioenfondse;
- kulturele en spiritualiteitsverskille;
- ens.

Voorts poog teenstanders van Kerkhereniging om uit die Bybel (by wyse van bepaalde tekste) aan te toon dat "eenheid" slegs dui op geestelike eenheid en nie strukturele eenheid nie.

Ten opsigte van bogenoemde is daar veral drie aspekte wat my pla:

a. Die "ons kerk"-sindroom kom sterk na vore. Ons moet Ons kerk bewaar! Die feit dat ons die kerk is en dat die Kerk aan God behoort word skynbaar misgekyk. Hy is immers in beheer – die Bybel stel dit duidelik – God hou self sy Kerk in stand. Hy is die een wat besluit; ons moet bloot Sy wil uitvoer.

b. Die Bybel is nie 'n teksboek of resepteboek waarin 2000 en meer jaar gelede vir elke situasie of sosiale probleem van die 21ste eeu 'n teksvers of 'n klinkklare oplossing opgeteken is nie. Die Bybelse boodskap en Christus se leringe bied die leringe waarvolgens ons in 'n moderne samelewing, wat hemelsbreed van die samelewing van toe verskil, ons besluite moet neem. Ons kan dus nie verwag dat bepaalde teksverse iets oor Kerkhereniging of Kerkeenheid moet sê nie – immers was daar net een Kerk van Christus in die vroegste Bybelse tyd en vir eeue daarna.

c. Die doen van God se Wil kan nie onderhewig gestel word aan 'n stel waarborge en voorwaardes nie. Indien Kerkhereniging in lyn is met God se Wil, kan ons nie sê "ja, mits.."

- ons taal beskerm word'
- swart oorheersing in die sinode nie ons karakter verander nie,

- ons nie finansiële verliese ly nie'
- ens.

Vervolgens is dit vir my duidelik dat die debat oor Kerkhereniging vir 'n wyle en ter wille van bepaalde individue en groeperinge, teruggevoer moet word na die aanvanklike kerkvraag, nl. "Waarom Hereniging"?

Ten einde 'n ingewikkelde filosofies-religieuse debat te vermy, stel ek die volgende simplistiese argument:

1. Die Kerk het in die 1980's reeds erken dat Apartheid nie Bybels gefundeer kon word nie en sonde is. Sedertdien het die Sinode en vooraanstaand kerklui hierdie sonde bely en vergifnis gevra vir die dwaling van die verlede en die leed wat aan anderskleuriges aangedoen is.
2. Die bestaan van vier struktureel afsonderlike N.G.Kerke wat op grond van kleur, kultuur en taal apart gehou word, dui op die behoud van 'n stukkie van die apartheidsbeleid van die verlede. Anders gestel – die enigste oorblywende stuk apartheid is te vinde binne die N.G.Kerk in Suid-Afrika!

> As daar konsensus is ten opsigte van punt 1 hierbo, is dit net logies dat ons sal saamstem dat die behoud van die vier afsonderlike N.G.Kerke hierbo ook sonde is.

Outomaties volg die volgende stap – as die behoud van vier aparte N.G. Kerke Sonde is, moet daarmee weggedoen word – dus Kerkhereniging .(Dit beantwoord ook die vraag waarom hereniging en nie vereniging nie, en waarom ander kerkgenootskappe nie ter sprake is nie.)

Ten slotte 'n paar persoonlike opmerkings:

- As Jesus in die 21ste eeu geleef het en onder ons gewoon het en werksaam was, wat sou Sy uitspraak oor Kerkhereniging (en die Belharbelydenis) wees? Ek laat dit oor aan elkeen om self hierop te antwoord.
- As die Visie van ons gemeente, nl. "Wees, lyk en leef soos Jesus" ons erns is, hoe behoort ons te oordeel in hierdie debat? Weer eens, antwoord self.
- Op 'n erg persoonlike noot – my persoonlike oortuiging ten opsigte van bogemelde sake maak dit vir my maklik om die Belharbelydenis in geheel volledig te aanvaar – ek sal dit sonder enige huiwering onderteken as ek daarom gevra word. Kan ons ons vir 'n oomblik indink in die effek wat dit in ons land sal hê as alle Christene van alle Kerkgenootskappe in Suid-Afrika hierdie belydenis aanvaar en uitleef?

Cas Terblanche

KERKHERENIGING
HUMANSDORP – OOS

Ondergetekendes stem volmondig saam met die positiewe standpunt t.o.v. Kerkhereniging soos vervat in die dokument : NG KERK IN OOS-KAAPLAND – VERKORTE DOKUMENT VIR GROEPSGESPREKKE OOR KERKHERENIGING. Trouens, ons beskou dit as onverklaarbaar dat daar steeds vrae soos “waarom” en “of” kerkhereniging gevra word in hierdie verligte na – apartheidsera, waarin ons bevoorreg is om die kerk van Christus saam met gelowiges te dien in n visioenêre NG gemeente soos Humansdorp – Oos. Net soos Paulus in Efesiërs beskrywe hoe God Jood en heiden in Christus tot een liggaam verenig het, of anders gestel, hoe Jode en nie – Jode in die kerk van Christus saamgebring is as n eenheid, moet Humansdorp – Oos gemeente in die jaar 2007 vrae soos die volgende ons erns maak: Hoe kan ons kerkhereniging in Humansdorp – Oos prakties toepas om te wees, lyk en leef soos Christus? Hoe kan ons, ons totale gemeente saamsnoer om heelhartig Christus se absolute geloof in kerk- hereniging te onderskrywe? Hoe kan ons, ons bande met die VGK in Kruisfontein en Kwanomzamo uitbou ? Om hieraan gehoor te gee wil ons voorstel dat n kleingroep gelowiges, wat positief is oor die opdrag van beide Christus en die NG Kerk in Oos – Kaapland insake kerkhereniging, in werksessies onder leiding van fasiliteerder(s) vergader, om riglyne vir die gemeente voor te stel.

Chimpie & Hester Cawood
St Francisbaai
6 November 2007

Konsultasie oor Kerkhereniging - dokument 30/7/2007

Om so kort en bondig as moontlik te wees plaas ek net die volgende punte van beswaar teen kerkhereniging op rekord:

1. Nog nooit vandat daar oor kerkhereniging begin praat is was daar ‘n stemming gevra van kerkrade, lidmate en sover ek weet Ringe of streeksinodes oor die OF (moet ons herenig nie). Dit is eenvoudig van bo besluit, ons kerk moet herenig of lidmate daarvoor te vinde is of nie.
2. Nou kom die ASM (Algemene Sinodale Moderamen) en vra lidmate, kerkrade se insette oor die hoe?! Die of is blykbaar nie ter sprake nie. Ek is van mening dat dit ernstige misleiding van lidmate is en mens kan dit selfs oneerlik bestempel.
3. Die sogenaamde konsultasies of prosesse wat tot dusver plaasgevind het spreek van absolute eensydige breinspoel sessie waar net die sogenaamde ‘noodsaaklikheid’ van hereniging voorgehou was. Geen werklike bespreking het daar plaasgevind nie, selfs al was daar net ‘n handjievol lidmate teenwoordig. Geen persoon wat anders daaroor voel is geleentheid gegee om die anderkant van die saak te stel nie.
4. Die belangrikste pilaar waarop die besluit van die ASM berus om een kerk te word is skynbaar:
    - Duidelike Bybelse oproep.
    - Soeke na groter sigbare eenheid.
    - Ons glo dat die Here dit van ons vra.
    - Ter wille van Sy eer.
    - Die Formuliere van eenheid.
    - Dan word verskeie Bybelgedeeltes genoemoor die eenheid van die liggaam van Christus.
5. My Beswaar daarteen berus op die volgende:

5.1 Die kerk van die Here, die liggaam, die bruid van Christus bestaan uit wedergebore kinders van die Here regoor die wêreld uit alle volke, uit alle evangeliese Christelike kerke, denominasies regoor die wêreld (Op 7:9-10; 1Pet 2:9; 2 Pet 3:14; 1 Joh 5:19; Op 1:5b,6; Op 19:7-8 & Titus 2:11-14). Geklee met die kleed van geregtigheid. Vanwaar ons geloofsbelydenis: een algemene Christelike Kerk.

5.2 Die NG Kerk en familie as kerk denominasie (een van duisende oor die wêreld) mag en kan homself nie daarop roem dat dit die kerk is waarvan ons lees in Joh 17, Ef 4 ens ens nie. Trouens geen kerk op aarde kan daardie skrifte op hom van toepassing maak nie. Daar is geen kerk en allermins die NG Kerk en familie waar al die lidmate deel is en sal wees van die ware kerk van die Here, sy bruid, daar is net te veel nominale Christene in kerke vandag.

5.3 Die ware kerk van Christus is dus geroepe om uit alle Christelike kerkeen sal onsigbaar wees totdat Hy (ons Here en ons Meester) sy voete op die olyfberg sal sit wanneer Sy koninkryk op aarde sigbaar sal wees.

5.4 Om nou ‘n strukturele eenheids kerk op aarde te probeer vestig asof dit die bruid van Christus is, is niks minder nie as valsheid, misleiding en bedrog. Die is die misleidende kerk wat nou besig is om gestalte te kry onder die sambreel van die wêreld raad van kerke met die ‘credo’ een wêreld een kerk waarvan ons kerk lid is via SA raad van kerke. Hierdie valse kerk sal net ‘n gedaante van Godsaligheid wees. Gereed om die valse Messias, die mens van sonde, die wettelose mens wat deur die valse kerk as die kosmiese Christus vir almal aanvaarbaar sal wees. Neem kennis die Belhar is vir die wêreld raad van kerke aanvaarbaar!

5.5 Ons kerkleiers is op dwaalweg en hulle besef dit nie. Net soos die Here ‘n bose gees toegelaat het om in Saul in te vaar om Dawid dood te maak, net so laat die Here toe dat ons leiers (in alle opregtheid) die spoor byster raak. Die Heilige Gees oortuis my deur die Woord, ons kerk is op ‘n kruispad (Jer 5:31). Of ons is eerlik en sê vir die lidmate dit is agv die ‘politieke werklikheid’ in ons land dat ons een gemengde kerk word, of hulle volhard in hulle denke en betaal die prys van deel wees van ‘n groter geheel met ‘n skyn van eenheid maar as ware kerk te faal. Ons neem nou al kennis hoe baie van ons teoloë raak die pad byster (2 Tess 2-3) – dis net die begin. Mag hierdie inset ‘n getuie wees vir die volle waarheid van God se Woord.

Prys Sy Naam.

Johan Mulder.

Posbus 226
St Francisbaai
27 Oktober 2007

Die Kerkraad
NG Gemeente Humansdorp Oos

i.s. Inligtingstuk Konsultasie oor Kerkhereniging gedateer 30 Julie 2007

1. Volgens die inhoudsopgawe bladsy 1-2 is die brief gerig aan elke lidmaat. U weet dat dit nie in ons gemeente so beskikbaar gestel is nie, hoewel dit reeds drie maande gelede uitgereik is. Dit boesem nie vertroue in nie.
2. Die mens se grootste nood is sy sonde. Verloste sondaars se eenheid is geleë in Jesus Christus. Wanneer die kerk se belydenisskrifte gekatkiseer, op gereelde maat aan die gemeente voorgehou word en uitgeleef word sal God se eer en Sy liefde ons keuses bepaal. Dit sal nie nodig wees om nog ‘n politiek gedrewe belydenisskrif af te dwing gelowiges te verdeel nie en dit nogal met ‘n stemming!
3. Lidmate wat werklik betrokke is by EEIIIS al kan getuig hoe die uitdra van die Bly Boodskap waarin ons almal glo ons saambind oor kleur en denominasie heen.
4. Ons geliefde kerk het miskien in 1857 gedink dat hulle regte keuses gemaak het. In 1948 het hulle toegelaat dat politiek hulle keuses bepaal en hieroor is male sonder tal vergifnis gevra. Laat ons ernstig by die Vader pleit vir wysheid en insig om nie weer keuses te maak waardeur Sy eer en liggaam geskaad word nie.

Dankie vir die geleentheid om deel te neem aan die gesprek hoewel ek moes ronval om die betrokke brief te lese te kry.

M. Olivier